## Hoofstuk 57 - VERMANING EN TROOSWOORD (31.07.1841) {JL. HIM 1.408}

1] Skryf dus 'n kort woord van vermaning en trooswoord aan die Th.M.H., wat uit ŉ kunsmatige liefde vir My die "gevangenes in gees en liggaam" (kloosterlinge) hoog ag, wat die geestelikes veel hoër ag as vir My, en so ook baie kere meer die kalender-heiliges as vir My, en meer die heidense seremonies en gebruike as vir My, en meer 'n Latynse gebedeboek, wat hulle nie verstaan nie, as vir My, en eer mekaar onderling en die geestelikes net so baie en selfs meer as vir My, en ag die bieg hoër as ware boetedoening en die vergifnis van sondes. Daarom bieg hulle gedurig, maar val dadelik na die bieg aflegging weer terug in hul vorige sondes. En hulle beskou menige kloosterbedrog as onbetwisbare waarheid, maar vlug weg van die Heilige Skrif af en beskou dit as 'n groot teenstrydige kettery as enigiemand die Boek van Lewe en Heilige Liefde lees. Maar hulle beskou, daarenteen, 'n niksseggende bedeboek, geskryf deur 'n skynheilige, sterk farisese monnik, as 'n ware hemelsleutel!

2] O die arme blindes! Eens was daar vir hulle reeds ŉ helderder lig aangesteek, as hulle maar net nie, op grond van hul kloosterlike heiligheid, nie hul innerlike nederigheid agtergelaat het en hulself heimlik beter geag het as enige ander vrye, nie-klooster mens nie.

3] Maar hierdie is die vermaning en trooswoord aan Th.M.H.

4] Soek julle bowenal net na My, deur die ware selfverloëning, innerlike liefde, geduld en sagmoedigheid! Want sou jy My alleen soek, sal jy My ook vind. En as jy My gevind het, het jy alles gevind. Want Ek alleen is die grootste Skat van alle skatte en is meer as al die wêrelde en al die hemele!

5] Maar as jy My soek, moet jy My in jouself soek en nie by ander nie! Want kan mens Hom soek in die vreemde, Wie altyd bestendig in jou tuis is, en op jou wag? Soos jy nie jou lewe in 'n vreemde liggaam leef nie, maar in jou eie, so moet jy ook vir My in jou begin leef en My in jou soek! Daar sal jy My verseker vind! Want vir jou lewe Ek net in jou! En as dit nie so was nie, hoe sou jy lewe, asemhaal, dink, voel, waarneem, ondervind en dan tot My bid?

6] Kyk, dit is die regte weg na My toe! Alle ander lei altyd tot dwaalweë. Dus, wandel vrymoedig op hierdie weg, moedig en sonder vrees, en jy sal die gewenste doel gou en maklik vind en eers dan sal jy insien en erken, hoe sag My juk is en hoe lig My las!

7] Maar neem ook graag die Nuwe Testament in die hand en lees dit sorgvuldig en so sal jy daarin spoedig die skool van die ware lewe ontdek. En sou jy eers daarvolgens begin handel sal jy oorvloei word met strome van die ewige lig en lewende water sal uit jou lendene vloei! (Johannes 7:38)

8] Wees ook altyd vrolik in jou karigheid! Want hoe kleiner 'n mens se aandeel in die wêreld en sy dooie afgode is, des te meer is hy by My en hoe meer het hy in My sy ewige, onverganklike aandeel belê teen buitengewoon hoë rentekoerse! Wees daarom bly, want Ek is nader aan jou as wat jy vermoed!

9] Sou jy die Nuwe Testament in jou hand neem, gaan eers na die 15de hoofstuk van Johannes en kyk na die 17de tot 23ste verse. In hierdie gedeelte sal jy 'n groot verborge skat vind. Dit sal vir jou oopgemaak word en jy sal met verbaasde oë aanskou, die "ware sleutel" waarmee jy maklik die kamertjie sal oopmaak waar Ek jou inwag, binne in jou! Amen. (**Johannes 15,17-23**).

10] Dit sê jou ware Bruidegom deur die trae dienskneg vir jou, Amen!

11] NB. Die sleutel, of die geopende koninkryk, word reeds in die laaste vier verse van hierdie hoofstuk aangetoon, naamlik in die 24ste, 25ste, 26ste en veral die 27ste vers. Want wat hier tot die apostels gespreek word, word tot die hele wêreld gespreek! So sê Ek, die eerste en die laaste. Amen. (Johannes 15:24-27)

***Johannes 15:17*** *Dit gebied Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê.*

*18 As die wêreld julle haat, moet julle weet dat sy My voor julle gehaat het.*

*19 As julle van die wêreld was, sou die wêreld haar eiendom liefhê.* ***Maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitverkies het, daarom haat die wêreld julle.***

*20 ONTHOU die Woord wat Ek vir julle gesê het: 'n Dienskneg is nie groter as Sy Meester nie. As hulle My vervolg het,* ***sal hulle jul ook vervolg****. As hulle My Woord onderhou het, sal hulle jul woord ook onderhou.*

*21 Maar al hierdie dinge sal hulle aan julle doen ter wille van My Naam, omdat hulle HOM nie ken wat My gestuur het nie.*

*22 As Ek nie gekom en met hulle gespreek het nie, sou hulle geen oortredinge hê nie, maar nou het hulle geen verskoning vir hulle oortredinge nie.*

*23 Wie My haat, haat ook My VADER.*

*24 As Ek nie die werke onder hulle gedoen het wat niemand anders gedoen het nie, sou hulle geen oortredinge hê nie Maar nou het hulle dit gesien, en tog het hulle My sowel as My VADER gehaat.*

*25 Maar die woord wat in hulle Wet geskrywe is, moet vervul word:* ***Hulle het My sonder oorsaak gehaat****. [Psalm 69:4 ; 119:161]*

*26 Maar as die* ***Trooster*** *gekom het wat Ek vir julle van die VADER sal stuur, die Gees van die Waarheid wat van die VADER uitgaan,* ***sal Sy van My getuig****. [Psalm 86:11]*

*27* ***En julle getuig ook, omdat julle van die begin af met My is.***